# AVBOB BOU OP

## GROEIPRESTASIE TEN SPYTE VAN **TAAI HANDELSTOESTANDE**



FRIK RADEMAN, **AVBOB** HUB & CARL VAN DER RIET, **AVBOB** ADJUNK HUB

Die **AVBOB**-Groep, Afrika se grootste Onderlinge Versekeringsgenootskap het in die 2018/19 finansiële jaar bly voortbou op hul gesonde groeiprestasie ten spyte van taai ekonomiese toestande. Die aankondiging van die Groep se resultate is gemaak deur **AVBOB** se HUB, Frik Rademan, tydens **AVBOB** se Algemene Jaarvergadering wat op 13 November 2019 plaasgevind het.

"Hoewel die swak prestasie van die beleggingsmarkte 'n impak op ons resultate vir die jaar gehad het, het **AVBOB** goed presteer in 'n stagnante ekonomie met premie-inkomste wat met 14.4% tot R4.2 miljard gestyg het. Ons onderlinge status onderskei ons steeds en stel ons in staat om waarde vir ons polishouers sowel as ons lede te skep. Ons wins voor oordrag na polishouers verpligtinge het verlaag vanaf R2.1 miljard na R1.6 miljard vir die jaar. In lyn met ons onderlinge status, is die meeste van hierdie wins gebruik om polishouers se voordele te verbeter – oor die afgelope 12 jaar het die surplus wat aan die verbetering van polishouersvoordele toegewys is, op meer as R11 miljard te staan gekom," het Rademan gesê.

Hierdie toewysings sluit in spesiale bonusse, gratis begrafnisvoordele en polisvoordeelverbeterings. Die bekendstelling van 'n **AVBOB Beloningsrekening**, ter viering van die Groep se 100ste bestaansjaar in Augustus 2018, het lede voorsien van voordele waartoe toegang verkry kan word met die verjaring van die polis nadat hulle die ouderdom van 65 bereik het, mits die polis vir minstens tien jaar van krag was, of met die dood van die polishouer, indien laasgenoemde eerste plaasvind.

Raadsvoorsitter, professor Piet Delport, het gesê die afgelope finansiële jaar het sinoniem geword met negatiewe gebeure soos volgehoue beurtkrag, hoë werkloosheidsyfers, stygende pryse, diensleweringsproteste en baie lae groei in die ekonomie.

**Fokus op verbeterde bedryfsvermoëns, hoër produktiwiteit en laer koste**

"En in hierdie stadium blyk 2019 nie meer positief te wees nie gegewe 'n selfs groter ekonomiese verlangsaming en aanduidings van 'n tegniese resessie. Dit plaas enorme druk op ons om organiese groeimomentum te behou. Dit word gedoen deur volgehoue fokus op die verbetering van bedryfsvermoëns, deur produktiwiteit te verhoog en koste te verlaag deur middel van nuwe tegnologie en talenttransformasie. Produkte en dienste word ook pasgemaak om te voldoen aan die ontwikkelende vereistes van die opkomende digitale ekonomie, en daarmee saam 'n nuwe generasie van kliënte," het Delport bygevoeg.

**Korporatiewe Maatskaplike Investeringsinisiatiewe (KMI) bring hoop aan gemeenskappe regoor SA**

Rademan het daarop gewys dat die Groep, as deel van hul verbintenis tot die nakoming van **AVBOB** se handelsmerkbelofte, voortgegaan het om te belê in gemeenskappe regoor Suid-Afrika deur middel van verskeie KMI-inisiatiewe.

Een van hul hooffokusareas was opvoeding, insluitend die Vereniging se volgehoue belegging in die toekoms van jong Suid-Afrikaners deur die skenking van ten volle funksionele vraghouerbiblioteke aan voorheen benadeelde skole in al nege provinsies van die land. "Ons het ons 53ste ten volle toegeruste vraghouerbiblioteek geskenk tydens die afgelope finansiële jaar en ons is goed op pad na die vervulling van ons belofte van 60 biblioteke," het hy gesê.

Rademan het bygevoeg dat die suksesvolle jaarlikse **AVBOB** Poësiekompetisie, wat in Augustus 2017 in al 11 ampstale bekendgestel is, steeds sterk groei en in die proses vir gewone Suid-Afrikaners die geleentheid bied om uiting te gee aan 'n spektrum van emosies wat hulle ervaar tydens gebeurtenisse soos geboorte, dood, verlies en liefde. Die groei in die aantal digters en gedigte wat ingeskryf word, gaan eweneens voort om verwagtinge te oorskry.

**Goeie prestasie bevestig deur baie erkenning en toekennings**

**AVBOB** se verbintenis tot transformasie en om relevant te bly binne die veranderende landskap waarin dit werksaam is, is verder verstewig deur die toekennings wat die Groep in verskeie areas ontvang is:

- Die Genootskap het sy Top Employer-sertifikasie vir die derde opeenvolgende jaar behou;
- **AVBOB** is aangewys as die wenner van die Begrafnisdekkingskategorie in die 2019/20 Ask Africa Kasi Star Brands Survey vir die vierde opeenvolgende jaar in die Township Brands Survey;
- Die **AVBOB** Poësieprojek geniet steeds enorme erkenning in die mark en die Groep is daarvoor bekroon met 'n brons Prism-toekenning in die Borgskapkategorie; en
- Die Genootskap se korporatiewe handelsmerkvennoot, **BRAND *et al***, het ook verskeie Poësieprojek-verwante toekennings ingepalm.

**Huldeblyk aan bestuurshoof vir baie jare van lojale diens aan Groep**

Delport het sy opregte dankbaarheid uitgespreek teenoor Rademan wat aan die einde November aftree, ná 37 jaar van ywerige diens aan die organisasie. "Frik, met jou termyn as bestuurshoof wat einde se kant toe staan, wil ons die geleentheid gebruik om jou te bedank vir jou harde werk en 110% toewyding tot die bou en groei van **AVBOB** tot wat dit vandag is.

"Terselfdertyd wil ons ons inkomende HUB, Carl van der Riet, hartlik verwelkom; ons glo en vertrou dat jy **AVBOB** tot selfs groter hoogtes sal neem," het Delport gesê.

**AVBOB is deel van die Suid-Afrikaanse familie**

Ter afsluiting het Rademan daarop gewys dat **AVBOB** se korporatiewe reputasie, wat die Groep as 'n sorgsame familie posisioneer, oor tyd gebou is en dat dit die Genootskap se unieke benadering tot verhoudings is wat hulle in staat stel om volgehoue waarde aan al hul familielede te lewer.

"Oor die afgelope 101 jaar het die **AVBOB**-handelsmerk meer as net 'n begrafnisdiens-verskaffer geword. Dit het 'n huishoudelike naam geword, 'n deel van die Suid-Afrikaanse familie. Ons bly daartoe verbind om vernuwende maniere te vind om uitdrukking te gee aan ons handelsmerkbelofte 'Ons is hier vir jou'," was Rademan se slotsom.

**Kumulatiewe prestasie oor die afgelope agt jaar tot en met 30 Junie 2019:**

- Premie-inkomste verhoog met 221.9% tot R4.2 miljard
- Netto nuwe versekeringsbesigheid groei met 188.1%
- Die aantal polishouers styg met 75.7% vanaf 1.2 miljoen tot 2.1 miljoen
- Begrafniseenhede groei met 44.6%
- Totale bates verdriedubbel tot R18.7 miljard

*Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. **AVBOB** is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek www.**AVBOB**.co.za

AVBOB

*Ons is hier vir jou*

Sedert 1918